Woordsoort 2

Die byvoeglike naamwoord (b.nw)

BESKRYF die selfstandige naamwoord (s.nw)

ATTRIBUTIEWE B.NW

Staan VOOR die s.nw in ’n sin

BYVOORBEELD:
- Die ***sportiewe*** dogter.
- Daar ry ’n ***vinnige*** motor.
- ’n ***Kleurvolle*** boek.
- Die ***stokou*** man loop moeilik.

PREDIKATIEWE B.NW

Staan NÁ die s.nw in ’n sin

BYVOORBEELD:
- Die dogter is ***sportief***.
- Daar ry ’n motor wat ***vinnig*** is.
- Die boek is ***kleurvol***.
- Die man wat ***stokoud*** is, loop moeilik.

3 MANIERE WAAROP JY ’N B.NW KAN UITKEN:

- **Trappe van vergelyking**
- **Intensiewe vorme**
- **Verbuiging**

TRAPPE VAN VERGELYKING
(stellende trap – vergrotende trap – oortreffende trap)

jonk – jonger – die jongste
swaar – swaarder – die swaarste
kwaad – kwater – die kwaadste
lig – ligter – die ligste
duur – duurder – die duurste

INTENSIEWE VORME
(Altyd een woord, behalwe vir uitsonderings soos *wawyd oop*)

jonk – bloedjonk
swaar – loodswaar
kwaad – smoorkwaad
lig – veerlig
duur – peperduur

VERBUIGING

Die bloedjong seun sit regop.
’n Sware beproewing.
Die kwaai tannie raas met hulle.
’n Veerligte stoel.
Hy het ’n dure les geleer.